GEREFORMEERDE KERK PRETORIA ANNLIN

# Die Fontein

Weekblad

1 Februarie 2026

*Ligdraers in die wêreld – wat Christus aanbid, Hom bely, vir Hom getuig en in liefde ander dien!*

## Oggenderediens - 08:30
## Aanderediens - 18:30
## Ds. Pieter Kurpershoek

Oggend: ***Jesus is Koning … in liefde***

Skriflesing: *Markus 5:21-43*

Aand: ***… soos in die hemel, so ook op die aarde!***

Skriflesing: *Lukas 4:16-30; 1 Korintiërs 15:50-58; Openbaring 21:1-8*

Belydenis: *HK, Sondag 47-49*

*Klik hier vir die volledige liturgie.*

## Kollektes

Banke: *Diakonale sorg*

Deure: *Teologiese studente hulpfonds*

## Teeskink

- Martie Coetzee (W14)
- Andrie Beumer (W16)
- Renske Hofmeyr (W17)

## Kleuterbediening & Katkisasie

Gaan voort vanoggend!

## Lief en leed: Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| Van der Westhuizen | Pieter | 00 | 02/03 |
| Page | Toinzelle | 01 | 02/04 |
| Coetzee | Dirk | 44 | 02/04 |
| Conradie | Anneli | 00 | 02/05 |
| Van der Merwe | Piet | 15 | 02/06 |
| Pretorius | Pieter | 26 | 02/06 |

## Gebeure vir die week

| | | |
|---|---|---|
| So. 1 Feb. | *07:45* | Gebedsgroep / *Klaslokaal #4* |
| | *08:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| | *09:45* | Katkisasie / *Klaslokale* |
| | *10:00* | Vergadering: Verwelkoming / *Kerksaal* |
| | *18:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| Ma. 2 Feb. | *06:30* | 2de handse verkoping / *Kerkterrein* |
| | *19:00* | Bybelstudie: Jongmense / *Koffiekroeg* |
| Di. 3 Feb. | *10:00* | Gawes kursus / *Kerksaal* |
| Wo. 4 Feb. | *10:00* | Gawes kursus / *Kerksaal* |
| Do. 5 Feb. | *10:00* | Gawes kursus / *Kerksaal* |
| | *18:30* | Vergadering: Redaksie / *Konsistorie* |

## Kursus: Geestesgawes - "Dien Jesus"

Die Here Jesus laat ons as lidmate van ons gemeente saam met mekaar as sy liggaam leef. Hy is ons elkeen genadig en rus ons ook elkeen toe met geloof, hoop en liefde. Maar, deur sy Gees rus Hy ons ook toe met geleenthede om mekaar en die mense om ons te bedien en met gawes en persoonlikheid sodat ons mekaar kan bedien. Ons diakens wil ons help ons om ons Gees-gegewe profiel raak te sien sodat ons elkeen **sinvol en met ywer kan dien** soos die Here Jesus dit wil. Daarom bied hulle dwarsdeur die jaar die kursus ***Dien Jesus*** aan, waartydens jy leer raaksien waar die Here jou roep, en hoe Hy jou daarvoor toerus. Ons wil graag dat almal in die gemeente hieraan deelneem, en daarom steeds die verskillende geleenthede. Hierdie week is daar vir ons broers en susters wat in die oggend beskikbaar is, 'n geleentheid, naamlik:

- **Dinsdag – Donderdag, 3-5 Februarie om 10:00**

Dit word deur sr. Clarissa Rehder in ons kerksaal aangebied. As jy belangstel, vul hierdie Google vorm in of laat weet haar by **079 162 3453**. Sluitingsdatum is **Maandag, 2 Februarie 2026 om 12:00.**

## Lief en leed: *Siekes*

Graag bid ons vir:

- Elkeen van ons lidmate wat op langtermyn fisies en emosioneel met hul gesondheid worstel.
- Br. Raymond Tredoux (W26) wat weer tuis is en verdere behandeling ondergaan.
- Sr. Regina Botha (W16) wat na haar operasie herstel.
- Br. Jan Verburg (W32) wat met toetse besig is en voorberei word vir sy behandeling.
- Sr. Magda Schutte (W13) se broer wat verlede week oorlede is.

## Spaarblikkies

Daar is nog baie blikkies uitstaande en ons doen 'n beroep op ons lidmate om hard te spaar en die blikkies by die kantoor in te handig wanneer dit vol is. Lidmate wat nie blikkies ontvang het nie, kan hul blikkies by die kerk se deure gaan afhaal. Ook diegene wat reeds blikkies ingehandig het en met 'n nuwe blikkie wil begin spaar. Ons doen 'n beroep op ons lidmate om asseblief nie 5c-, 2c- en 1c-stukke in die spaarblikkies te gooi nie.

***Blaai om vir meer nuus …***


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Predikant** | Pieter Kurpershoek | **Tel** 012 543 1095 | **Sel** 083 641 6466 | **E-pos** pwk@axxess.co.za |
| **Kerkkantoor** | Clarissa Rehder | **Tel** 012 567 1492 | **Sel** 079 162 3453 | **E-pos** kerkkantoor@annlin.co.za |
| **Webwerf** | www.annlin.co.za | | **Facebook** Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin | |
| **Erediensopname** | *Kerkdienstgemist (Klank)* *YouTube (Beeld en klank)* | | | |

Gereformeerde Kerk Pretoria Annlin

Die Fontein
Weekblad

1 Februarie 2026

*Ligdraers in die wêreld –*
*wat Christus aanbid, Hom bely,*
*vir Hom getuig en in liefde ander dien!*

## Algemene Sinode 2026 en ons as gemeente

Na die afgelope Algemene Sinode is daar in ons gemeente verskillende emosies en gedagtes rakende besluite wat geneem is, spesifiek ook rakende die besluit dat kerke wat vroue as predikant en ouderling bevestig tot bekering opgeroep word. Daarom het ons as kerkraad tydens ons toerustingsvergadering hieroor besin en wil ons graag die volgende stel:

1. Ons Here Jesus het vir ons as gemeente 'n besondere eenheidsband met mekaar gegee. Hierdie liefdesband tussen ons is vir ons kosbaar. Daarom wil ons elkeen in ons gemeente oproep om ons saam-wees te koester en die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe (Efesiërs 4:3).
2. Ons Here roep ons ook om in 2026 spesifiek aandag te gee aan ons elkeen se groeiende verhouding met ons Here Jesus. Hierdie roeping bly ons eerste fokus en verantwoordelikheid. Daarom wil ons elkeen aanspoor om doelgerig op ons Here Jesus te fokus en sy Gees te bid om ons al meer in Christus te laat ingroei.
3. Ons leef elke dag in biddende afhanklikheid van ons Here. Daarom is dit vir ons belangrik dat ons juis in hierdie saak biddend sal besin. Mag ons bly bid dat ons Here ons met wysheid en insig sal toerus in ons gesprekke en besinning saam met mekaar.
4. Vir die kerkraad is dit belangrik dat onderskei sal word tussen twee vraagstukke, naamlik:
    - Kan die vrou in die diens van predikant en ouderling dien? (Hieroor het Sinode 2009 reeds 'n besluit geneem.)
    - Is die vraagstuk rakende die dien van vroue as predikant en ouderling so belangrik dat dit die eenheid tussen gelowiges moet verbreek? (Hieroor het Sinode 2026 besluit.)

Die kerkraad besef dat ons as gemeente en kerkraad oor hierdie vrae saam sal moet besin, maar wil nie tans prosesse vooruitloop of te vinnig handel nie. Daarom sal die kerkraad DV tydens sy vergadering op **18 Februarie 2026** verder hieroor gesprek voer.

Mag ons Here ons in hierdie tyd genadig wees en mag ons as gemeente ons verantwoordelikheid leef om die goeie nuus van Jesus Christus in ons wêreld in te dra, tot eer van ons Here self!

*Ouderlinge van GK Pretoria-Annlin*

***Blaai om vir meer nuus ...***

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA ANNLIN

# Die Fontein
Weekblad

**1 Februarie 2026**

*Ligdraers in die wêreld – wat Christus aanbid, Hom bely, vir Hom getuig en in liefde ander dien!*

## Gebeure in Februarie

Klik op die foto hier onder om die Google vorm in te vul.













Klik op die prent om die Google vorm in te vul.